

Hier is ook twee klei-resepte

Soutklei Resep

- Ongekookte soutklei is prettig en kindervriendelik.
- Omdat daar niks hitte betrokke is by die resep nie kan kinders heelwat deel neem aan die maak proses van die soutklei.
 - 4 koppies koekmeel
 - 1 koppie sout
 - 1½ koppies water
 - 2 eetlepels kookolie
 - Meng die meel en sout in 'n mengbak.
 - Meng die water en olie geleidelik by en roer aanhoudend.
 - (Opsioneel: Voeg 1 teelepel voedselkleursel by die mengsel.)
 - Meng totdat die mengsel 'n stywe, kniebare deeg vorm.
 - Knie die klei 'n paar keer om dit sag en elasties te maak, strooi meel soos nodig.
 - Die uitdroogtyd van die klei hang af van die hoeveelheid en dikte klei wat gebruik is in die skeppings.

Lang lewe speelklei

- Bestanddele:
 - 2 koppies gewone meel (ek het somer koekmeel gebruik)
 - ½ koppie fyn sout
 - 2 eetlepels kremetart
 - 2 eetlepels olie
 - 1 en ½ koppies kookwater
 - Paar druppels kleursel (opsioneel)
- Metode:
 - Neem 'n bak en meng die meel, sout, kremetart en olie met 'n vurk tot alles gemeng is, moet nie bekommer oor die "olie klonte" nie. Meng eenkant die kookwater en die kleursel, voeg nou by die meel en meng met 'n lepel tot 'n stywe deeg gevorm het. Laat staan vir 'n paar minute sodat dit kan afkoel.
 - Sodra die deeg afgekoel het, brei dit op 'n plat oppervlak tot jy 'n lekker gladde tekstuur het en die deeg nie meer taai is nie, indien dit steeds taai is sit so bietjie meel by.
 - Bêre in 'n lugdigte houder sodat die klei nie uitdroog nie.